

# Imke se Chinese werke uitgetsal

Wie dink aan 'n hoë gehalte kunsuitstalling wanneer hulle gekonfronteer word met een van die wêreld se meer herkenbare en suggestiewe kommersiële etikette: "Made in China"? Tog het die bekende Namibiese kunstenaar, Imke Rust, dié etiket gebruik as tema vir haar solo-uitstalling wat volgende Dinsdag in die Bank Windhoek Omba-gallery open.

Die uitstalling bestaan uit werke wat Imke in China geskep het met tradisionele Chinese kunsmateriaal en sy daag ons vooropgestelde menings en stereotipes oor China uit. Daarmee gepaard stel sy die kyker bloot aan 'n nuwe hoofstuk in haar tegniek-repertoire wat 'n paar van haar gevestigde sleuteltemas – soos die ontleding van die menslike gees en verhoudings – inkorporeer. Gelyktydig beeld dit op innoverende wyse uit hoe haar tyd in China haar geïnspireer het.

Nuuskerig oor ou Chinese kunstradisies asook die land se aansien in die internasionale kunsmark, het Imke die uitnodiging van haar vriend en medekunstenaar, Torsten Jurelle van Swede, aanvaar om in 2008 'n ateljee in Beijing te deel. Hulle het vir drie weke saam by die Beijing Internasionale Kuns-kamp gewoon en gewerk, waar sowat 100 kunstateljees gehuisves word.

Die hantering van die alledaagse lewe in 'n vreemde kultuur waar bykans

niemand Engels praat nie, het vir die Namibiese kunstenaar as inspirasie gedien vir 'n hele nuwe versameling werke. Sy het vinnig gesien dat wanneer gesproke taal faal, jy vinnig nuwe maniere moet ontwikkel om te kommunikeer. Hoewel dit soms frustrerend was, was dit ook baie bevrydend, sê sy.

Deur haarself in hierdie nuwe ondervinding uit te leef, het Imke ontdek dat tradisionele Chinese kunsmedia soos Chinese ink en waterverf op ryspapier, 'n uitstekende manier is om haar ondervinding uit te beeld en om sonder woorde te kommunikeer.

Aanhangers van Imke se kuns sal weer haar voortdurende ondersoek van die menslike gees en persoonlike verhoudings op haar unieke manier, kan begryp. Wat nuut is, is dat die werke blyk om meer lighartig te wees en soms selfs abstrak is, wat Imke se ondervindings en gevoelens weerspieël terwyl sy in China was.

Daar is 'n sterk wisselwerking tussen letterlike en abstrakte uitbeelding en betekenis, soos in die "Dragon Looking for Love"-reeks, waar die beeld van 'n vriendelike, denkbeeldige draak die fisiese grenslyne van China verteenwoordig (sien foto op voorblad). In kontras met Europese en Afrika mitologie waar die draak as boos beskou word, simboliseer drake in China tra-

ditioneel tekens van mag en koninklike gesag. Eweneens word China in Namibië en die westerse wêreld soms as die nuwe koloniale bedreiging geag, terwyl China hom as vriend en helper beskou.

*Made in China* bied 'n persoonlike perspektief van die kunstenaar se ondervinding van China, terwyl dit 'n sosiaal-relevante tema betrek in 'n tyd wanneer Namibiese persepsies van China

emosioneel gelaai en verdeeld is. Die uitstalling kan tot 16 Augustus besigtig word. Dit is deel van die Bank Windhoek Kunstefees.



## Music S Live Band

24 July 2010

N\$50 & N\$60

20h00

NTN Backstage

Featuring: Abisa Engombe (Saxophone)  
Jacus Krige (saxophone and flute) and  
Erwin Gowaseb (Base Guitar)

Website  
[www.nten.org.na](http://www.nten.org.na)